

RED MOUNTAIN BODY CORPORATE

Po box 33243, Fichardtpark, 9301 Tel: (051) 501 4859 Fax: (051) 501 4857

Gedragsreëls: Art 35(2)(b) van die wet op Deeltitels 95 van 1986

Conduct rules : Art 35(2)(b) of the Sectional Titles Act 95 of 1986

1. DIERE, REPTIELE EN VOËLS / ANIMALS, REPTILES AND BIRDS

GEDRAGSREËL 1 / CONDUCT RULE 1

1. 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustees enige dier, reptiel of voël in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom aanhou nie, en sodanige toestemming sal nie sonder rede weerhou word nie.

An owner or occupier of a section shall not, without the consent in writing of the trustees, which approval may not be unreasonably withheld, keep any animal, reptile or bird in a section or on the common property.

2. Wanneer die trustees wel sodanige toestemming verleen, kan hulle redelike voorwaardes stel.

When granting such approval, the trustees may prescribe any reasonable condition.

3. Die trustees kan sodanige toestemming terugtrek indien enige van die voorwaardes opgelê kragtens subreël 1.2 verbreek word.

The trustees may withdraw such approval in the event of any breach of any condition prescribed in terms of sub-rule (1.2)

HUISREËL 1 / HOUSE RULE 1

1. Geen honde of katte mag aangehou word nie, sonder die skriftelike toestemming van die Raad van Trustees. Die aanhou van troeteldiere is 'n vegunning. Waar verdienstelik, sal die trustees geskrewe toestemming gee dat 'n inwoner wat reeds 'n kat of hond of ander troeteldier het ten tyde van aanvanklike okkupasie, die betrokke troeteldier mag aanhou totdat dit doodgaan, wegegee of verkoop word.

No dogs/cats may be kept without the written permission of the Board of Trustees. The keeping of pets is a concession. Where creditable, the trustees will give written permission that the resident who already has a dog/cat or other pets at time of occupation, may keep the pet concerned until it dies, is given away or sold.

2. Honde moet te alle tye in die openbare areas aan 'n leiband wees en die hond se mis moet agter hom opgetel word. Versuim om aan hierdie voorwaardes te voldoen sal lei tot die intrekking van die vergunning om 'n hond aan te hou.

The dog must at all times be kept on a leash when on the common property. The owner or resident is responsible for the immediate removal of faeces. Failure to comply with these conditions will result in the concession of keeping the dog, being withdrawn.

3. Geen troeteldier mag enige tyd na die aanvanklike okkupasie van 'n eenheid sonder die vooraf geskrewe toestemming van die trustees aangeskaf word nie.

No other pet may be obtained without prior written permission from the trustees.

4. 'n Inwoner met 'n troeteldier is aanspreeklik vir die gedrag van die betrokke dier en moet sorg dat die dier nie aanstoot gee aan mede-inwoners nie en is verantwoordelik vir die onmiddellike verwydering van die dier se mis, oorskietkos en dergelike aanstootlike materiaal vanaf die gemeenskaplike eiendom. Honde wat lawaai en stank van onverwyderde mis binne die erf van die bewoner word ook geag as dinge wat aanstoot gee aan mede-eienaars.

The owner is responsible for the behaviour of the pet and must see to it that the animal does not give offence to co-owners/tenants. The owner is liable to pick up all animal excrement, refuse and waste material from the common areas.

5. Die eienaar van 'n kwaai of gevaarlike hond sal wetlik aanspreeklik gehou word vir enige beserings of skade wat die betrokke dier aan ander inwoners, hul gaste, huishulpe, tuinhulpe en gemeenskaplike eiendom berokken. Waar sulke gevalle voorkom, sal die toestemming wat die trustees vir die aanhou van die hond gegee het, summier teruggetrek word.

The owner of the dog will be lawfully held responsible for any injuries or damage that the dog concerned cause to other owners/residents, guests, domestic servants, garden workers or to common property. If this occurs the permission for keeping the animal will be cancelled immediately.

6. Indien 'n eienaar van die voorgaande reëls verontagsaam en sodanige troeteldier 'n oorlas vir die mede-inwoners word en die eienaar versuim om die saak onverwyld reg te stel, sal die trustees die toestemming vir die aanhou van die dier terugtrek en sal die dier verwyder moet word. Hehaalde weiering deur die eienaar magtig die trustees om die dier te laat verwyder.

Should the owner not comply with the aforesaid rules regarding, the trustees will have the right to withdraw their permission and the animal will have to be removed.

7. Honde groter as 30 cm hoog en wat meer as 10 kg weeg sal nie in die kompleks toegelaat word nie.

No dogs higher than 30 cm and that weighs more than 10 kg will be allowed in the complex.

2. VULLISVERWYDERING / REFUSE DISPOSAL

GEDRAGSREËL 2 / CONDUCT RULE 2

1. 'n Eienaar of bewoner van 'n deel moet:

An owner or occupier of a section shall:

(a) binne die omheining van die skermmuur om sy/haar eenheid in 'n higiëniese en droë toestand 'n houer vir vullis te hou;

maintain in a hygienic and dry condition, a receptacle for refuse within his section, his exclusive use area or on such part of the common property as may be authorized by the trustees in writing;

(b) verseker dat voor vullis in die houer geplaas word, goed toegedraai is of in die geval van blikke en ander houers, dit vry van vloeistof is;

ensure that before refuse is placed in such receptacle it is securely wrapped, or in the case of tins or other containers, completely drained.

(c) verseker dat, vir die doel van vullisverwydering, dit op Maandagoggende voor 08h00 buite die hek in die skermmuur te plaas, behoorlik verpak in groot swart munisipale vullissakke. Slegs vullis in swart munisipale vullissakke is aanvaarbaar en geen kleiner sakke, "swing bin liners", inkopiesakke of kartonne of ongewenste verpakkingsmateriaal sal verwyder word nie. Indien die inwoner se vullis te veel word vir die houer moet hy dit self verwyder en plaas in die vullis area langs die hoofingang van waar dit verwyder sal word op Maandae;

for the purpose of having refuse collected, placed outside the gate in the screen wall contained in municipal black bags. Only refuse in black municipal bag is acceptable and no smaller bags, swing bin liners, shopping bags, boxes or unwanted wrapping and packing material will be removed. If the refuse of the owner or occupier is too much for the bin, he must remove it himself to the refuse area located next to the main gate;

(d) wanneer die vullis buite die hek in die skermmuur van die eenheid geplaas is, die houer weer teruggeplaas op die plek soos in paragraaf (a) hierbo bedoel en behoorlik skoongemaak en ontsmet sal wees om te verhoed dat slegte reuke afgee.

When the refuse has been collected, promptly return such receptacle to his section or other area referred to in paragraph (a) properly cleaned so as to prohibit it from giving off bad odours.

3. VOERTUIG / VEHICLES

GEDRAGSREËL 3 / CONDUCT RULE 3

1. Geen eienaar of bewoner mag sonder die skriftelike toestemming van die trustees 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom laat staan, parkeer of toelaat dat 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom parkeer of laat staan word nie.

No owner or occupier shall park or stand any vehicle upon the common property, or permit or allow any vehicle to be parked or stood upon the common property, without the consent of the trustees in writing.

2. Die trustees mag enige voertuig wat sonder hulle toestemming op die gemeenskaplike eiendom geparkeer is, daarop staan of daarop geabandoneer is, op koste en die risiko van die eienaar daarvan laat verwyder of wegsleep.

The trustees may cause to be removed or towed away, at the risk and expense of the owner of the vehicle, any vehicle parked, standing or abandoned on the common property without the trustees' consent.

3. Eienaars en bewoners van dele moet sorg dat hulle voertuie en die voertuie van hulle besoekers en gaste nie olie of remvloeistof op die gemeenskaplike eiendom drup of die gemeenskaplike eiendom op enige wyse skend nie.

Owners and occupiers of sections shall ensure that their vehicles, and the vehicles of their visitors and guests, do not drip oil or brake fluid on to the common property or in any other way deface the common property.

4. Geen eienaar of bewoner word toegelaat om op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, 'n uitsluitlike gebruikgebied of 'n deel, enige voertuig uitmekaar te haal of groot herstelwerk daaraan te laat doen nie.

No owner or occupier shall be permitted to dismantle or affect major repairs to any vehicle on any portion of the common property, an exclusive use or in a section.

HUISREËL 3 / HOUSE RULE 3

1. Parkering van voertuie word alleenlik op die openbare parkeer-areas of voor of binne die bewoner se eie motorhuis toegelaat. Parkering in die kompleks se strate of op sodanige wyse dat dit die verkeerstoegang tot ander inwoners se motorhuis versper, is verbode. Geen parkering word op die grasperke toegelaat nie.

Parking of vehicles are only allowed on the public parking areas or in front or inside the resident's own garage. Parking in the streets of the complex or in such a manner that it obstructs flow of traffic or the entry to other resident's garages, is not allowed at any time. No parking on lawns is allowed.

2. Die spoedbeperking binne die kompleks is 10 km/u. Verkeer wat vanuit die kompleks se dwarsstrate beweeg, moet toegee aan verkeer wat op die toegangspad beweeg.

The general speed limit inside the complex is 10 km/h. Traffic moving out of the side streets of the complex must give way to traffic moving along the entrance road.

3. Voertuigbestuurders moet te alle tye bedagsaam teenoor voetgangers in die kompleks optree.

The drivers of vehicles must at all times be considerate towards pedestrians in the complex.

4. Inwoners moet hul besoekers versoek om voormelde parkeer- en verkeersreëls te gehoorsaam.

Residents must please advise visitors to adhere to the parking and traffic rules.

5. As sleepwaens, bote en/of woonwaens nie binne die bewoner se motorhuis geparkeer kan word nie, mag dit slegs met skriftelike toestemming van die trustees op aangewese plekke gehou of geparkeer word. As die aangewese plekke in die buitelug is, moet sodanige sleepwaens, bote en/of woonwaens gereeld van buite skoongemaak word.

If trailers, boats or caravans are not able to be parked in the owner's garage, written permission from the trustees must be given to park it in specific areas. Should the trailers, boats or caravans be parked outside, please see that they are cleaned from time to time.

6. Voertuie mag nie vinniger as 10 kilometer per uur op enige deel van die gemeenskaplike eiendom bestuur word nie.

Vehicles may not be driven at a speed exceeding 10 kilometres per hour on any part of the common property.

4. SKADE OF VERANDERING AAN DIE GEMEENSKAPLIKE EIENDOM / DAMAGE ALTERATIONS OR ADDITIONS TO THE COMMON PROPERTY

GEDRAGREËL 4 / CONDUCT RULE 4

1. 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder skriftelike toestemming van die trustees enige gedeelte van 'n gemeenskaplike eiendom verf of merke daarop aanbring, spykers of skroewe of iets soortgelyks daarin slaan of dit andersins beskadig of verander nie.

An owner or occupier of a section shall not mark, paint, drive nails or screws or the like into, or otherwise damage, or alter, any part of the common property without first obtaining the written consent of the trustees.

2. Nieteenstaande subreël 4.1 mag 'n eienaar of 'n persoon deur hom gemagtig:

Notwithstanding sub rule (4.1), an owner or person authorised by him may install:

(a) Enige sluittoestel, veiligheidshek, diefwering of ander veiligheidstoestel vir die beskerming van sy deel; of

Any locking device, safety gate, burglar bars or other safety device for the protection of his section; or

(b) Enige skerm of ander toestel om diere of insekte uit te hou, installeer.

Met dien verstande dat die trustees eers skriftelik die aard en ontwerp van die toestel asook die wyse waarop dit geïnstalleer word, goedgekeur het.

Any screen or other device to prevent the entry of animals or insects.

Provided that the trustees have first approved in writing the nature and design of the device and the manner of installation.

HUISREËL 4 / HOUSE RULE 4

1. Veranderinge kan aangebring word aan die binnekante van eenhede sonder toestemming van die trustees, mits die veranderinge nie riolering of elektrisiteitsvoorsiening van ander eenhede in enige mate nadelig sal beïnvloed nie.

Renovations may be done on the inside of the unit without consent from the trustees as long as it does not effect the plumbing or electricity connections of the units.

2. Skriftelike toestemming moet van die trustees verkry word vir die aanbring van enige struktuur in en rondom die buitetuine van die eenheid, aanbring van geute en besproeiingstelsels, ligte aan die buitekant asook enige versiering en toevoegings aan die buitekant van eenhede soos bv. oprolseile, windskerms, skadunette, hangmatte en enige tooisels wat nie eie aan die kompleks is nie.

Written consent from the trustees must be given for installation of any structure in and around the garden of the unit, gutters, irrigation in the garden, outside lights or any changes on the outside of the unit i.e. shade nets, roll-up canvasses, shade ports, or any other thing that is not part of the unit.

5. BUITEVOORKOMS / APPEARANCE FROM OUTSIDE

GEDRAGREËL 5 / CONDUCT RULE 5

1. Die eienaar of bewoner van 'n deel wat vir woondoeleindes gebruik word, mag nie iets op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, insluitende balkonne, patio's, stoepe en tuine plaas of iets daarop doen wat na die oordeel van die trustees esteties onaangenaam of ongewens voorkom wanneer dit van buite die deel gesien word nie.

The owner or occupier of a section used for residential purposes shall not place or do anything on any part of the common property, including balconies, patios, stoeps, and gardens which, in the discretion of the trustees, is aesthetically displeasing or undesirable when viewed from the outside of the section.

6. TEKENS EN KENNISGEWINGS / SIGNS AND NOTICES

GEDRAGSREËL 6 / CONDUCT RULE 6

1. Geen eienaar of bewoner van 'n deel wat vir woondoeleindes gebruik word, mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die trustees 'n teken, kennisgewing, aanplakbord of advertensie van enige aard hoegenaamd op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom of van 'n deel aanbring sodat dit van buite die deel sigbaar is nie.

No owner or occupier of a section, used for residential purposes, shall place any sign, notice, billboard or advertisement of any kind whatsoever on any part of the common property or of a section, so as to be visible from outside the section, without the written consent of the trustees first having been obtained.

7. ROMMEL / LITTERING

GEDRAGSREËL 7 / CONDUCT RULE 7

1. 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie rommel, insluitende vullis, sigaretstompies, oorskietkos of ander vuilgoed op die gemeenskaplike eiendom stort of gooi of toelaat dat dit gedoen word nie.

An owner or occupier of a section shall not deposit, throw, or permit or allow to be deposited or thrown, on the common property any rubbish, including dirt, cigarette butts, food scraps or any other litter whatsoever.

8. WASGOED / LAUNDRY

GEDRAGSREËL 8 / CONDUCT RULE 8

1. 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustees sy eie wasgoedlyne span nie en mag nie enige wasgoed of ander items aan enige gedeelte van die gebou of gemeenskaplike eiendom hang sodat dit van buite die gebou of van enige ander deel sigbaar is nie.

An owner or occupier of a section shall not, without the consent in writing of the trustees, erect his own washing lines, nor hang any washing or laundry or any other items on any part of the building or the common property so as to be visible from outside the buildings or from any other sections.

9. BEWARING VAN VLAMBARE STOWWE EN ANDER GEVAARLIKE OPTREDES / STORAGE OF INFLAMMATORY MATERIAL AND OTHER DANGEROUS ACTS

GEDRAGSREËL 9 / CONDUCT RULE 9

1. 'n Eienaar of bewoner mag nie in die gebou of op die gemeenskaplike eiendom enige stof bewaar of enige gevaarlike handeling verrig of toelaat dat dit verrig word wat die verhoging van die tarief van die premie betaalbaar deur die regspersoon op enige versekerings-polis sal of kan meebring nie.

An owner or occupier shall not store any material, or do or permit or allow to be done, any other dangerous act in the building or on the common property which will or may increase the rate of the premium payable by the body corporate on any insurance policy.

10. VERHUUR VAN EENHEDE / LETTING OF UNITS

GEDRAGSREËL 10 / CONDUCT RULE 10

1. Alle huurders van eenhede en ander persone aan wie die reg tot okkupasie deur enige eienaar van 'n betrokke eenheid verleen is, moet hierdie gedragreëls nakom, ondanks andersluidende bepalings vervat in enige huurooreenkoms of die toestaan van 'n reg tot okkupasie.

All tenants of units and other persons granted rights of occupancy by any owner of the relevant unit are obliged to comply with these conduct rules, notwithstanding any provision to the contrary contained in any lease or any grant of rights of occupancy.

HUISREËL 10 / HOUSE RULE 10

1. Wanneer 'n eenheid verhuur word, is die eienaar daarvan verplig om onverwyld volle besonderhede van sodanige huurder aan die trustees vir rekorddoeleindes te verskaf.

When a unit is rented out, the owner of the unit will be compelled to supply full details regarding such tenant and the Agreement of Lease to the trustees.

2. Geen besoeker mag sonder die skriftelike goedkeuring van die trustees vir langer as 30 dae per kalender jaar in die kompleks gehuisves word nie.

No guest or family member of an owner or resident may stay for a longer period than 30 days during a specific calendar year without the written permission of the trustees.

11. UITWIS VAN PLAË / ERADICATION OF PESTS

GEDRAGSREËL 11 / CONDUCT RULE 11

1. 'n Eienaar moet sy eenheid vry hou van witmiere, boorinsekte en ander insekte wat hout vernietig, of moet vir hierdie doel die trustees, bestuurder en hul behoorlik gemagtigde agente, of werknemers toelaat om sy deel van tyd tot tyd te betree om die deel te inspekteer en sodanige stappe te doen wat redelikerwys noodsaaklik is om enige sodanige plaë uit te wis. Die koste van die inspeksie, die uitwissing van sodanige plaë as wat binne sy deel gevind word en die vervanging van enige hout of ander material wat deel vorm van sodanige deel en deur sodanige plaë beskadig is, word deur die eienaar van die betrokke eenheid gedra.

An owner shall keep his section free of white ants, borer and other wood destroying insects and to this end shall permit the trustees, the managing agent, and their duly authorised agents or

employees, to enter upon his section from time to time for the purpose of inspecting the section and taking such action as may be reasonably necessary to eradicate any such pests. The costs of the inspection, eradicating any such pests as may be found within the section, replacement of any woodwork or other material forming part of such section which may be damaged by such pests shall be borne by the owner of the section concerned.

12. SAKEBEDRYWIGHEDDE / CONDUCTING OF BUSINESS

HUISREËL 12 / HOUSE RULE 12

1. Eenhede mag slegs gebruik word om in te woon. Geen bedryf, beroep of sake in eenhede of op gemeenskaplike eiendom of deel daarvan mag sonder die skriftelike toestemming van die trustees beoefen word nie.

Units may only be used for residential purposes. No business, profession or trade may be conducted on the common property or in section, with the written permission of the trustees.

2. Geen veilings of rommelverkopings mag op die gemeenskaplike eiendom of deel daarvan gehou word nie. Verkopings vir interne fondsinsameling moet vooraf met die trustees bespreek word.

No auction or jumble sale may be held on the common property or in a section. Sales for internal fund raising must first be discussed with the trustees.

3. Alle smouse word onvoorwaardelik verbied asook kinders/volwassenes wat van huis tot huis smous of kollekteer.

All hawkers are unconditionally forbidden as well as children/adults who hawks or collects from house to house.

4. Geen advertensies mag sonder die skriftelike goedkeuring van die trustees in die kompleks vertoon, of daarin versprei of op 'n kennisgewingbord aangebring word nie. By eenhede wat te koop aangebied word, mag 'n Te Koopbordjie egter by die betrokke eenheid sonder toestemming vertoon word.

No advertisements may be exhibited or distributed in the building or placed on the notice board without the written permission of the trustees. Where units are for sale, a For Sale sign may however be placed at the unit concerned without permission.

13. STILTETYE / QUIET TIMES

HUISREËL 13 / HOUSE RULE 13

1. Volkome stilte moet tussen die ure 14:00 en 17:00 op Sondag en tussen 22:00 en 06:00 op alle ander dae buite op Vrydae en Saterdag wat tussen 23:00 en 06:00 gehandhaaf moet word.

Absolute silence must be maintained between the hours of 14:00 to 17:00 on Sunday and between 22:00 and 06:00 on all days, except on Fridays and Saturdays between 23:00 and 06:00

2. Die getoet van motors, asook motorfietse wat raas, word nie in die kompleks toegelaat nie.

The hooting of vehicles and noisy motor cycles are not allowed in the complex.

3. Radio's, televisiestelle, musiekinstrumente en platespelers moet so gebruik word dat dit nie steurend vir mede-inwoners is nie. Inwoners moet ook toesien dat hulle besoekers en hulle personeel hulle nie luidrugtig gedra nie.

Radios, television sets, musical instruments and record players must be used in such manner that it does not cause a disturbance to co-residents. Residents must also ensure that their visitors and domestic workers do not cause a disturbance.

14. BESOEKERS / VISITORS

HUISREËL 14 / HOUSE RULE 14

1. Kinders en veral kleuters mag slegs onder toesig op die gemeenskaplike eiendom van die kompleks beweeg en mag nie ander inwoners steur nie.

Children and especially toddlers may only move on the common property under supervision and may not disturb other residents.

2. Die kompleks se strate mag nie vir rondry met trapfietse gebruik word nie. Onder geen omstandighede sal die gebruik van enige rolskaatse of skaatsplanke op die gemeenskaplike eiendom toegelaat word nie.

The streets of the complex may not be used for riding around on bicycles. Under no circumstances will the use of any kind of roller skates or skate boards be allowed on the common property.

15. HUIS- EN TUINHULPE / DOMESTIC SERVANTS AND GARDEN WORKERS

HUISREËL 15 / HOUSE RULE 15

1. Inwoners moet alle huis- en tuinhulpe se besonderhede by die trustees laat opteken sodat naamplaatjies vir sekuriteitsdoeleindes teen betaling van 'n billike tarief aan hulle uitgereik kan word. Hierdie naamplaatjies moet te alle tye deur huis- en tuinhulpe gedra word wanneer hulle die terrein betree.

Residents must identify their domestic and garden workers and give their names in at the office, so that name tags for security purposes can be issued to them at a reasonable rate. The name tags must be worn by the domestic and garden workers at all times when entering the premises. It must be collected and left daily at the gate.

2. Inwoners moet op eie koste hulle huis- en tuinhulpe van 'n sleutel en toiletpapier vir die gebruik van die bestaande buitegeriewe voorsien.

Residents must at their own cost supply domestic and garden workers with a key and toilet paper for the use of the existing outside conveniences.

3. Geen verblyf mag aan enige huis- en/of tuinhulp op die perseel verskaf word nie.

No accommodation may be given to any domestic and/or garden worker.

16. AKTIWITEITE EN GEBRUIK VAN GEMEENSKAPLIKE EIENDOM / ACTIVITIES AND USE OF COMMON PROPERTY

HUISREËL 16 / HOUSE RULE 16

1. Stokperdjies en ander aktiwiteite wat enige steurnis en ongerief aan ander inwoners kan veroorsaak, is nie toelaatbaar nie.

Hobbies and other activities which may cause any disturbance or inconvenience to other residents, are not allowed.

2. Inwoners sal geregtig wees op alle ontspanningsfasiliteite wat die kompleks bied, onderhewig aan reëls wat van tyd tot tyd deur die regspersoon bepaal sal word.

Residents will be entitled to the use of all recreational facilities of the complex, subject to the rules which will be determined from time to time by the body corporate.

17. TUINMAAK EN PLANTE / GARDENING AND PLANTS

HUISREËL 17 / HOUSE RULE 17

1. Die sny van grasperke en rante van slegs die gemeenskaplike tuine val onder die sorg van die trustees en word onder die tuine portefeulje se toesig in stand gehou. Tuin instandhouding van privaat tuine kan, indien verlang, met die betrokke tuindienste-maatskappy gereël word.

The mowing of the grass and edges of the common property only, fall under the care of the garden portfolio and are maintained under their supervision. Maintenance of private gardens can, if required, be arranged with the gardening company.

2. Plante en bome mag nie deur inwoners op die gemeenskaplike eiendom geplant of verwyder word sonder die skriftelike goedkeuring van die trustees nie.

Plants or trees may not be planted in or removed from the common property by residents without the written consent of the trustees.

3. Die plasing van blompotte, ornamente en versierings op muurtjies aangrensend aan die kompleks se strate of op gemeenskaplike plaveisel, mag slegs in oorleg met die trustees gedoen word.

The placing of flower pots, ornaments and decorations on walls facing the streets of the complex or on the paving of the common property, may only be done in collaboration with the trustees.

18. BEVEILIGING / SECURITY

HUISREËL 18 / HOUSE RULE 18

1. Die veiligheid van elke inwoner moet die hoogste prioriteit van elkeen wees. Alle ongeïdentifiseerde of verdagte persone op die gemeenskaplike eiendom en by ander eenhede, moet onmiddellik gerapporteer word. Die hoofhek moet te alle tye toe bly en versperrings wat die toegaan van die hek belemmer, moet verwyder word.

The security of every resident must be everyone's highest priority. All unidentified or suspicious persons on the common property and at other units, must immediately be reported. The front gate must be kept closed at all times and objects obstructing the gate from closing must be removed.

19. WATERVERBRUIK / WATER CONSUMPTION

HUISREËL 19 / HOUSE RULE 19

1. Water moet spaarsamig en oordeelkundig gebruik word. Die krane op die gemeenskaplike areas mag nie vir persoonlike doeleindes gebruik word nie. Dit is slegs vir die gebruik van die gemeenskaplike tuine.

Water must be used sparingly and sensibly. The taps on the common property may not be used for personal usage. It is strictly for use in the common gardens.

20. UITSLUITLIKE GEBRUIKSAREAS / EXCLUSIVE USE AREAS

HUISREËL 20 / HOUSE RULE 20

1. Uitsluitlike Gebruiksareas verwys na Gemeenskaplike Eiendom Areas wat vir die uitsluitlike gebruik van die eienaar en/of inwoners van die eenheid is aan wie die area vir gebruik toegeken is. Verwys aanhegsel A vir 'n verwysing na allokasie van Uitsluitlike Gebruiksareas.

Exclusive Use Areas refers to certain areas of the common property that is for the exclusive use of the owner/tenant of a specific unit in which favour the exclusive use right is reserved. For reference on allocation of these areas please find annexure A to this document.

21. VERANDERING EN BYVOEGING VAN REËLS / AMENDMENTS AND ADDITIONAL TO RULES

1. Die trustees kan enige huisreëls aanpas of toevoegings maak met behoorlike vooraf kennisgewing aan al die inwoners. Appèl kan tot die regspersoon gerig word wat 'n algemene vergadering sal byeenroep op koste (indien van toepassing) van die persoon wat appèl aanteken.

The trustees can amend or make additions to any house rule with proper prior notice to all residents. Appeals can be made to the body corporate who will convene a general meeting at the cost (if applicable) of the person who is appealing.

22. BOETES / FINES

HUISREËL 22 / HOUSE RULE 22

1. Versuim om te voldoen aan enige van bogenoemde reëls sal 'n boete tot gevolg hê.

Failure to meet any of the aforementioned rules will result in a fine.

Eerste oortreding = Waarskuwing en bewusmaking van reëls.

First offence = Warning and making aware of the rules.

Tweede oortreding = R300

Second offence = R300

Derde oortreding = R500

Third offence = R500

Verdere oortredings = R1 000

Further violations = R1 000

Boetes mag jaarliks verhoog word met 10%.

Fines could be increased with 10% annually.